# DIE SKIETLOOD

175ste Uitgawe 14 Februarie 2020

saam met Koersvas 175


## Die Dordtse Leerreëls

Die Dordtse Leerreëls word saam met die Nederlandse geloofsbelydenis en die Heidelbergse kategismus aanvaar as die dogmatiese basis vir Reformatoriese denke. Van die drie sogenaamde Formuliere van eenheid, is die Dordtse Leerreëls (Dordt) die mees onbekende dokument, en tog ook die een wat die meeste debat ontlok. Vir baie is die inhoud van Dordt onaanvaarbaar, vir ander is dit bloot onbekend en duister. Dordt word dan onderteken en voorgehou as 'n sjibbolet, maar die inhoud word nie genoem nie. Hierdie dokument mag nie simbolies onderskryf word, terwyl die inhoud geen impak het nie. Kom ons gaan soek na 'n eietydse interpretasie wat hierdie vier honderd en een jaar oue dokument weer laat lewe. Alvorens ons die inhoudelike ondersoek, is dit belangrik om eers die konteks van die teks te leer ken. Daar moet met ander woorde 'n vinnige historiese ekskursie onderneem word. Soos met elke ander geskiedskrywing, word hier gefokus op elemente en gebeurtenisse wat die geskiedskrywer belig, sonder om enigsins voor te hou dat alle relevante persone en insidente op die verhoog geplaas word.

**Die persone**

Die persoon wat aan die hart van die stryd lê, was nie die eerste persoon om 'n dwaling wat na hom vernoem is, uit te dink nie. Hy sou ook nie in lewende lywe sy gedagtes by die sinode van Dordrecht kon verdedig nie. Jacobus Arminius (1560-1609) het as getroue Calvinis sy bediening begin. Hy het in Genève opleiding (1582-87) ontvang en daarna na Amsterdam getrek waar hy as pastor van 'n gemeente opgetree het. Hy het onder Beza studeer en het sy doktorale studie onder Gomarus voltooi. Deel van sy werk was om die Calvinistiese teologie te verdedig teen die leringe van ene Dirik Volckaerts zoon Koornheert. (Koornheert was die sekretaris van Haarlem en een van die voorlopers van die Remonstrante. Hy het openlik van Calvyn en Beza verskil oor die predestinasie, het die straf van ketters verwerp, het geskryf teen die Heidelbergse Kategismus, het verdraagsaamheid voorgestaan en was ten gunste van die vermindering van die getal geloofsartikels). Dit was tydens Arminius se voorbereiding vir hierdie gesprekke dat hy (Arminius) deur die argumente van sy opponent oorgehaal is; hy het sy Calvinistiese oortuigings versaak.

In 1603 is Arminius as Teologie professor aangestel by die universiteit Leyden. Leyden is die oudste Protestante universiteit (gestig in 1575). Dit was hier waar hy sterk teenkanting teen sy nuwe standpunt ervaar het. Dit was veral sy kollega Francis Gomarus wat van Arminius verskil het. Die verskil van mening het nie gegaan oor die predestinasie nie (beide het geglo dat daar predestinasie is), maar oor die betekenis van die term. Arminius se standpunt oor die saak kan as infralapsarianisme beskryf word: die leerstuk wat stel dat God die sondeval vooruitgesien en toegelaat het en daarna die dekreet van uitverkiesing

gebruik het as 'n instrument om 'n gedeelte van die mensdom te red. Arminius was oortuig dat predestinasie deels gegrond is in God wat geloof in iemand voorsien (vooruit gesien - menslike prestasie) het. Gomarus se standpunt kan as supralapsarianisme beskryf word: die leerstuk wat stel dat God reeds voor die skepping verval (sondeval en verwerping) en uitverkiesing bepaal het en toe die sondeval toegelaat het om Sy goddelike doel te bereik. Gomarus het predestinasie totaal binne die wil van God geplaas. Hierdie sake sal in die gesprek oor die Dordtse Leerreëls uitvoerig bespreek word.

Francis Gomarus (Gebore 30 Januarie 1563 te Brugge, gesterf 11 Januarie 1641, Groningen) was die Calvinistiese teoloog wat by uitstek Arminius se standpunt teengestaan het. Gomarus was pastor van die kerk in Frankfurt am Main van 1587 tot 1593. In daardie jaar het die gemeente uitmekaar gegaan weens anti-protestante vervolging deur die Roomse kerk. In 1594 is hy as teologie professor aangestel by die universiteit van Leiden. Hy het ook later gesien as professor by Saumur (Frankryk) en by Groningen. Hy was die voorloper in die teenstand teen Arminius se teologiese benadering, 'n stryd wat net feller gewoed het na Arminius se aanstelling by dieselfde universiteit. Hy sou ook die leiding neem in die stryd teen Armenianisme by die internasionale sinode van Dordt (1618-1619).

Die stryd tussen die twee partye het uitgeloop op twee debatte in 1608 en 1609 voor die State-Generaal. In 1608 was dit net Arminius en Gomarus wat aan die debat deelgeneem het. In 1609 was dit Gomarus en vier volgelinge wat teen Arminius en vier volgelinge gedebatteer het in die teenwoordigheid van die regeerders. Gomarus en kie het volhard met die Calvinistiese standpunt dat die wat tot redding uitverkies is, reeds voor die sondeval van Adam verkies is, en Arminius en kie het aangedring daarop dat elke enkeling potensieel deel van die uitverkorenes kan wees.

Simon Episcopius (Arminius se opvolger by Leyden en daarna professor by die Armeniaanse kollege te Amsterdam) en Jan Uytenbogaert (predikant in Den Haag en vir 'n wyle kapelaan van prins Maurice van Nassau) het na die afsterwe van Arminius die leiding oorgeneem. Hulle sou in 1610 die Remonstrasie publiseer. Dit was 'n dokument wat in vyf punte hulle hoof verskille met tradisionele Calvinisme aandui. Die reaksie hierop sou die Kontra-Remonstrasie wees. So het ons dan die Remonstrante (Arminius volgelinge) en die kontra-Remonstrante (Gomarus en volgelinge) gekry.

**Die politiek**

Daar is verskillende narratiewe wat aangebied kan word oor die sake wat ingespeel het op die stryd. Arminius en sy volgelinge het bekend geword as die Remonstrante en die Gomarus groep as die kontra-Remonstrante. Een perspektief op die geskiedenis stel dit so: Die Nederlande het hulle onafhanklikheid van Spanje gewen aan die einde van die sestiende eeu. Daar was twee groepe in die Nederlande; diegene wat die Spanjaarde nie vertrou het nie en goeie afstand tussen hulle en

die Spaanse ryk wou behou. Dit was die kerklui (bang vir negatiewe teologiese invloed) en gewone bevolking (teen Spaanse nasionalisme) wat min wou weet van Spanje. Aan die ander kant wou die handelaars-klas nouer bande met Spanje smee weens ekonomiese- en handelsvoordele wat dit sou inhou. Armenianisme is nader aan die Roomse standpunt en dit is dan die standpunt wat deur die handelaars ondersteun is.
'n Verdere perspektief verwys na die Advokaat-generaal van Holland en Friesland, Johannes van Olden Barneveldt (1549-1644), wat die Remonstrante en hulle anti-monargale standpunt ondersteun het. Dit het die Remonstrante direk in konflik gebring met die regeerder, prins Maurice van Nassau.

**Die aanloop**
Die Remonstrasie (Protestante anti-Calvinistiese dokument) met sy vyf punte van verskil (geteken deur ses en veertig predikante) is in 1610 aan die verteenwoordigers van Friesland en Holland voorgelê. Die Calviniste het 'n kontra-Remonstrasie opgestel en daar was in 1611 te den Haag 'n konferensie op te poog om die verskille by te lê. Daar was daarna 'n gesprek te Delft (1613) en 'n edik ten gunste van vrede in Holland (1614), maar die stof wou maar net nie gaan lê nie.

**Die sinode**
'n Internasionale sinode is saamgeroep te Dordrecht vanaf 13 November 1618 en die laaste sitting was op 9 Mei 1619; daar was altesaam 154 formele sessies, asook 'n hele klomp konferensies in hierdie tyd. Die State-Generaal van Nederland het die hele sinode befonds (daar is ruim daarvoor begroot en dit het meer as 100,000 Gulde gekos - in vandag se terme miljoene Euro's). Daar was ongeveer 100 lede teenwoordig, waarvan 27 gekom het van Engeland (onder andere die kapelaan van die koning), Switserland en Duitsland. Frankryk het vier verteenwoordigers genomineer, maar die koning het hulle verbied om die land te verlaat. Die res van die teenwoordiges was Nederlanders. Die Nederlanders was verteenwoordig deur ongeveer gelyke getalle van professors, predikante, leke en lede van die State-Generaal.
Johannes Bogerman (predikant van Leuwarden) was as president verkies en Festus Hommius (predikant van Leyden) as sekretaris. Beide was streng Calviniste gewees. Al die teenwoordiges was ondersteuners van Gomarus. Episcopius en dertien vriende is as aangeklaagdes voor die sinode ontbied bloot om hulle standpunt te verdedig. By die vergadering is die Remonstrante die loef afgesteek en die Dordtse Leerreëls is aanvaar. Prins Maurice van Nassau het na afloop van die sinode en die besluite wat geneem is, Barneveldt tot die dood veroordeel, en hy het sekere Armeniaanse predikante in die tronk gestop. Na Maurice van Nassau se dood (1625) het die maatreëls verslap en vanaf 1631 was Armenianisme verdra in Nederland.

**BESLUIT**
**Die laaste woorde wat deur die sinode neergepen is, word hier in die inleiding gegee sodat die doel van die hele dokument duidelik sal blyk. Dit is duidelik dat die saak met groot erns**

**benader is en dat daar met oortuiging besluit is.**

*Die voorgaande is dan die duidelike, eenvoudige openhartige verklaring van die regsinnige leer aangaande die Vyf Artikels waaroor in Nederland verskil van mening is. Tegelykertyd is dit die verwerping van die dwalings waardeur die Nederlandse kerke 'n tyd lank in beroering was. Die Sinode oordeel dat hierdie uiteensetting en verwerping uit die Woord van God geneem is en met die belydenisse van die Gereformeerde Kerke ooreenstem. Hieruit blyk dit duidelik dat mense vir wie dit allermins betaamlik was, in stryd met alle waarheid, eerlikheid en liefde die volk die volgende wou wysmaak:*

- *dat hierdie leer 'n oorkussing van die duiwel en die sondige natuur en 'n vesting van die Satan is, waaruit hy vir alle mense hinderlae opstel, die meeste verwond en baie met pyle òf van wanhoop òf van sorgeloosheid dodelik tref;*
- *dat hierdie leer God tot outeur van die sonde, 'n onregverdige, 'n tiran en 'n huigelaar maak en dat dit niks as die herleefde leer van die Stoïsyne, Manigeërs, Libertyne en Moslems is nie;*
- *dat hierdie leer die mense sorgloos maak en dat hulle hulle daardeur verbeel dat, op watter wyse hulle ook al leef, dit nie die saligheid van die uitverkorenes verhinder nie en dat hulle gevolglik sonder kommer allerhande afskuwelike sondes kan doen;*
- *dat dit die verworpenes nie tot saligheid strek nie, selfs al sou hulle inderdaad ook al die werke van die gelowiges verrig;*
- *dat volgens hierdie leer God enkel en alleen deur sy wilsbesluit en sonder oorweging of inagneming van enige sonde van enig-iemand die grootste deel van die wêreld vir die ewige verderf voorbeskik en geskep het;*
- *dat net soos die verkiesing die fontein en die oorsaak van die geloof en die goeie werke is, die verwerping ook so die oorsaak van die ongeloof en goddeloosheid is;*
- *dat baie onskuldige kinders van gelowiges van die moederbors weggeruk en op wreedaardige wyse in die hel gegooi word, sonder dat die bloed van Christus of hulle doop of die gebede van die kerk by hulle doop vir hulle tot voordeel kan wees.*

*En watter baie ander soortgelyke bewerings is daar nie wat die Gereformeerde Kerke nie alleen nie aanvaar nie maar ook van maar ook van ganser harte verfoei!*

*Daarom doen hierdie Sinode van Dordrecht in die Naam van die Here 'n beroep op almal wat die Naam van ons Verlosser Jesus Christus gelowig aanroep, om die geloof van die Gereformeerde Kerke nie te beoordeel op grond van hier en daar saamgeroepte lasteringe of op grond van persoonlike uitsprake van verskeie ouer of jonger leraars nie. Hierdie uitsprake word dikwels slegs met kwade bedoelings aangehaal of vermink en tot 'n verkeerde betekenis verdraai. Hulle moet eerder op grond van die openbare belydenisse van genoemde Gereformeerde Kerke oordeel en op grond van hierdie uiteensetting van die regsinnige leer wat met algemene instemming van almal saam en van elke lid van die hele Sinode afsonderlik vasgestel is.*

*Vervolgens vermaan die Sinode hierdie lasteraars ernstig dat hulle moet besef watter swaar oordeel van God hulle oor hulleself bring as hulle teen soveel kerke en teen die belydenisse van soveel kerke valse getuienis gee, die gewetens van die swakkeres in beroering bring en naarstiglik streef om by baie mense die gemeenskap van die ware gelowiges verdag te maak.*

*Ten slotte doen hierdie Sinode 'n beroep op alle mededienaars in die evangelie van Christus om hulle in die behandeling van hierdie leer in die skole en in die kerke vroom en gelowig te gedra. Hulle moet hierdie leer sowel mondeling as skriftelik tot eer van Naam van God, tot heiligmaking van die lewe en tot troos van die verslae harte uitlê. Hulle moet in ooreenstemming met die Skrif nie alleen na die reël van die geloof dink nie maar ook praat. Eindelik moet hulle hulle weerhou van alle uitsprake wat die voorgeskrewe perke van die ware strekking van die Heilige Skrif oorskry. Sulke uitsprake kan aan die skaamtelose dwaalleraars 'n gegronde rede gee om die leer van die Gereformeerde Kerke sleg te maak of te belaster.*

*Mag die Seun van God, Jesus Christus, wat aan die regterhand van die Vader sit en aan die mense gawes gee, ons in die waarheid heilig. Mag Hy hulle wat dwaal, tot die waarheid lei en die lasteraars van die gesonde leer die mond snoer. Mag Hy die getroue dienaars van sy Woord die Gees van wysheid en onderskeiding gee, sodat al hulle uitsprake tot eer van God en tot opbouing van hoorders mag strek. Amen.*